WESSEL JOHANNES STRYDOM VAN NIEKERK VERKLAAR IN AFRIKAANS :

1.

Ek verklaar dat die volgende verklaring na die beste van my wete en oortuiging waar is en dat ek die verklaring doen met die wete dat as dit as getuienis voorgelê wôrd, ek vervolg kan word indien ek daarin opsetlik iets verklaar wat ek weet vals is of nie glo waar is nie.

2.

Ek is 'n luitenant-kolonel in die Gevangeniswese en die Adjunk-Bevelvoerende Offisier van die Pretoria Gevangeniskommandement.

3.

Volgens rekords gehou in hierdie kantoor was witman NEIL HUDSON AGGETT op Vrydag 1981-11-27 om 13h00 in terme van artikel 22(1) Wet 62/1966 - Algemene Regswysigingswet - in hierdie inrigting opgeneem.

4.

Volgens my dagboek het ek die aangehoudene elke oggend vanaf 1981-11-30 tot 1981-12-07 en weer vanaf 1981-12-09 tot 1981-12-11 besoek. Met elke besoek was aan hom gevra of hy enige klagtes gehad het. Hy het nooit enige klagtes teenoor my ge-opper nie. Ek het ook nooit enige beserings aan hom opgemerk nie. Ek het wel gemerk dat hy op 'n sekere stadium 'n wattepluisie in een van sy ore gehad het. Ek het hom gevra wat die doel van die pluisie is en hy het gemeld dat hy oorpyn het en dat hy behandeling ontvang.

5.

Volgens rekords was N.H. Aggett op die volgende datums deur 'n geneeskundige gespreek:-
(1) 1981-11-30 - normale ondersoek na opname.
(2) 1981-12-07 - behandeling van 'n oorpyn (CONJINETIVITIS) (Conjunctivitis)

6.

Volgens rekords was sy aanhouding op 81-11-30 skriftelik aan die Kommissaris van Gevangenis rapporteer.

7.

N.H. Aggett was nooit tydens sy aanhouding in hierdie inrigting deur 'n landdros of die Inspekteur van Aangehoudenes besoek nie. Hy het nooit tydens sy aanhouding alhier, die inrigting ver= laat nie.

8.

N.H. Aggett was 'n baie stil persoon. Hy het nooit sy gevoelens gewys nie en hy het slegs gepraat wanneer met hom gepraat was.

JOHANNESBURG

.................................
W.J.S. VAN NIEKERK

1. Is u vertroud met die inhoud van bostaande verklaring en begryp u dit?

Antwoord Ja...

2. Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord Nee

3. Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord Ja.......

A. Ek sertifiseer dat bovermelde vrae aan my gevra was en my antwoorde daarop soos hierbo weergegee in my teenwoordigheid neergeskryf is.

1. Do you know and understand the contents of the declaration?

Answer ..........

2. Do you have any objection to taking the prescribed oath?

Answer .....

3. Do you consider the prescribed oath to be binding on your conscience?

Answer

A. I certify that the above-mentioned questions were put to me and that the answers thereto as reflected above were written down in my presence.

........... ......

Handtekening van verklaarder [illegible]

B. Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig/bevestig voor my en die verklaarder se handtekening/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

B. I certify that the deponent has acknowledged that he/she knows and understands the content of this declaration which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print/mark was placed thereon in my presence.

SAO

..................................

Kommissaris van Ede/Commissioner of Oaths

Volle voorname en van
Full first names and surname Stefanus Petrus .........
(DRUKSKRIF/BLOCK LETTERS)

Bodenhorst
..................................

Amp (rang)
Designation (rank) SAO ..................... Republiek en Suidwes-Afrika
Ex officio Republic and South-West Africa

Besigheidsadres
Business address. Misdaadbeheer SA Polisie.......
(Straatadres moet ingevul word/Street address must be stated)

Johnvorsterplein Kommissaris St
..................................

Datum
Date 82-03-10 Plek
Place Pretoria ..........

**Collection Number: AK2216**

**AGGETT, Dr Neil, Inquest, 1982**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection deposited at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand.